DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

1/2024

## LIEWE MENLO

Welkom terug! Ek glo dat die prag van die see, die rustigheid van 'n leë skedule en die kosbaarheid van familietyd behoorlik ingesink het.

Ek en 'n paar vriende het in Desember die voorreg gehad om die Otter te stap. Ons het 46 km in 5 dae gestap – sonder om te weet hoe die roete lyk of watter onvergeetlike ervaring dit sou wees. Op die tweede dag het ons by 'n klein strandjie gestop om middagete te maak en ons drink toe al ons water daar op. Min het ons geweet dat die 2 km wat oor was die steilste klim van die roete sou wees.

Dit was daai tipiese kop-af-en-dryf-oomblik, want jy is te bang dat jy moed sal verloor as jy opkyk. Tree vir tree en kramp vir kramp het ons tot bo geklim. Daar was 'n uitkykpunt vanwaar ons die klein strandjie waar ons oomblikke tevore was, kon sien.

Ek besef toe dat dit presies is hoe die Here saam met ons stap. Ons weet nie hoe 2024 se pad vorentoe lyk nie – watter klippe, berge of valleie dit vir ons inhou nie. As ons het, sou dit ons na alle waarskynlikheid geïntimideer het, maar die Here weet waartoe ons saam met Hom in staat is. Hy weet dat ons nog hoër kan gaan, dat ons nog sterker is en nog meer kan groei.

Die sleutel is om te weet dat die lewe saam met Jesus 'n avontuur is – een wat jou vorm solank jou oë op Hom gevestig bly.

Later kan ons terugkyk en sien hoe kleingelowig ons was en hoe ver ons gevorder het.



Menlopark, ek wil julle motiveer om nie vanjaar met die norm tevrede te wees nie – hoop op verandering en verbetering. Wees deel van iets nuuts; iets groter as jouself!

Ek deel graag my 2024-visie vir ons skool: Ek sien 'n skool wat gekenmerk word aan sy liefde en mense – nie sy prestasies of uitslae nie; 'n liefde vir mekaar wat in onbaatsugtige diens en intensionele omgee geanker is.

Ek sien 'n Menlo-trots wat passievol klop wanneer ons sy aan sy geesvang en mekaar ondersteun.

Ek sien 'n diepe waardering vir rooi, wit en blou; 'n Menlo-familie wat nie die belangrikheid van eenheid afwater nie, maar weet dat hulle hand aan hand sterker is!

Ek sien Menlo-manne met blou bene wat weier om 'n langbroek in die winter te dra; 'n skool wat sterk staan, saam staan en onbeskaamd staan vir wie hulle is. Ek sien 'n skool wat met geesdrif forte bou, terwyl ander sandkastele bou.

Ek sien 'n golf van rooi, wit en blou wat bruis met lewe en vreugde; 'n skool wat weet wie hulle Koning is en in afhanklikheid van Hom lewe.

Menlopark, ek sien nie 'n idealistiese skool nie – ek sien julle: Julle potensiaal en die uniekheid van elke Menloparker wat tot die atmosfeer wat op ons skoolgronde heers, bydra. Jy hoort hier.

Hierdie liefde, trots, eenheid, geesdrif en familiegevoel is nie wie ons streef om te wees nie – dit is wie ons is.

Ek het onlangs besef dat ons geluk nie van ons omstandighede afhang nie, maar van waar ons fokus te midde van ons omstandighede lê. Neem Mattheus 6:33 vanjaar saam met jou: "Maar soek eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

Sodra ons besef dat dit waarna ons harte hunker nie perfekte omstandighede is nie, maar 'n Perfekte Persoon, verander alles.

Excelsa Petamus.

Streef die hoogste na.

*(Aan die woord is Viljee Smit, hoofseun, by die eerste opening van 2024. Keira de Jager, hoofdogter, se toespraak volg in Insig 2.)*

MENLO MA'S WAT

## OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Teks: Psalm 143:8**

Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertroue.




## DAGBOEK

**26/1**
Atletiek Noordheuwel (weg)

**27/1**
Krieket: Finsbury o. 15A & o. 19A (tuis en weg)
Perdesport: Menlo-skou (Bellevue Equestrian Centre)

**29/1**
Redenaars: Werkswinkel (Ouditorium, 14:15 – 16:00)
Netbal & Rugby: Voorseisoenoefening begin
Hokkie: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

**30/1**
Redenaars: Voorbereide uitdunne vir gr. 8 en gr. 9 (14:15)
Atletiek: Aflosoefening (17:45)
Netbal: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

**31/1**
Redenaars: Onvoorbereide uitdunne vir gr. 8 en gr. 9 (14:15)
Rugby: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

**1/2**
Swem: Ligagala
Fietsry: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)






# ALGEMEEN

## Raadpleeg die Menlo-Insig vir insig in Menlo

U ontvang vandag die eerste van sowat 35 nuusbriewe wat weekliks, elektronies deur Die Hoërskool Menlopark uitgestuur word. Die Insigspan sien daarna uit om die gebeure van 2024 met u te deel, want 2024 weet nie wat ons weet nie!

Hoesê?

Inligting oor pas afgelope gebeure en ander belangrike nuus word deur die loop van die week versamel en op Dinsdae, net na die spertyd van 12:00, aan die uitlegkunstenaar oorhandig. Ouers is welkom om inligting oor hul kinders se prestasies aan die skool te stuur en word versoek om op die volgende te let:

**Aktiwiteite wat by die skool aangebied word:** Stuur inligting aan die betrokke organiseerder (raadpleeg die Werkplan of die webblad vir die kontakbesonderhede).

**Aktiwiteite wat nie by die skool aangebied word nie:** Stuur inligting aan die Insigspan (bemarking@menlopark.co.za of anlie.dicks@menlopark.co.za).

Die skool rig graag die volgende versoek in hierdie verband: Artikels oor aktiwiteite wat nie op Menlo-bodem aangebied word nie, moet asseblief volledig wees en inligting met besonderhede oor die aktiwiteit, byvoorbeeld die vlak van deelname, die geleentheid asook die prestasie wat behaal is, insluit. Berigte moet asseblief van 'n duidelike foto vergesel word.

Neem asseblief kennis dat artikels slegs vir plasing oorweeg kan word indien dit ons voor die spertyd (Dinsdae, 12:00) bereik én indien daar genoeg spasie in die Insig beskikbaar is.

Ontmoet die Insigspan

Mnre. Corné Faber, Ian Pretorius en Gerrit Swanepoel (IT-ondersteuning)
Mnr. Pieter Lowne-Hughes (Webblad)
Mnr. Hans Moolman (Uitleg)
Me. Anlie Dicks (Beriggewing)
Me. Hannaliza Fechter (Koördineerder)



Die Insigspan is gereed vir 2024.

Raadpleeg asseblief altyd eers die skool se webblad of u kind se Werkplan indien u na belangrike inligting op soek is.

## Agteros kom ook in die kraal!

Die Menlo-bodem is 'n spilpunt van bedrywighede en die verkeersvloei rondom die skool is veral gedurende spitstyd problematies. Die verkeerstroom verdamp smiddae redelik vinnig en die verspreiding van verkeer maak 'n groot verskil om die druk te verlig – moet dus nie huiwer om u kind eers 'n minuut of vyf na huistoegaantyd op te laai nie.



Die skool sien saam met die ouers en leerders na 'n besige jaar uit en dit is 'n riem onder die hart om die lewe op Menlo-bodem te sien borrel.

## Menlo-skooldrag = Menlo-trots

Die Parkies verdien 'n veer in die hoed, want hulle beleefdheid en onberispelike voorkoms spreek boekdele. Dit is duidelik dat die Parkies vir die nuwe jaar gereed is. Die skool het waardering vir die ondersteuning van ouers en kan met reg sê dat elke Menloparker sy/haar skooldrag met trots dra. Ouers word daaraan herinner dat Menlo-skooldrag by drie leweransiers beskikbaar is, naamlik: Constantia Uitrusters, School and Leisure en Overkruin Uitrusters.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# NUWE PERSONEEL 2024



**Me. Crisna Bezuidenhout**
Afrikaans



**Me. Karlien Brimecombe**
HOD: Rekeningkunde



**Me. Dené Britz**
English



**Mnr. Brad Brook**
Akademiehoof: hokkie



**Mnr. Wayne Coldman**
Hokkie: afrigter/kondisionering hokkieseuns en atletiek



**Me. Kara Crouse**
Digitale Tegnologie



**Me. Juné de Beer**
Wiskunde



**Me. Hanlica Erasmus**
Fisiese Wetenskappe



**Me. Vené Hansen**
English



**Me. Nadya Hefer**
Fisiese Wetenskappe



**Me. Cariné Kruger**
Wiskunde



**Me. Anneke Labuschagne**
Digitale tegnologie



**Mnr. Louis Meiring**
Toerisme/LO



**Me. Leani Müller**
Laboratoriumassistent



**Me. Tania van Jaarsveld**
Inligtingstegnologie

# AKADEMIE

## 100% nie net 'n slaagsyfer nie...

...dit is die Menlo-manier. Die langverwagte matriekuitslae is verlede week bekendgemaak en die skool het sy reputasie as top- akademiese instelling oudergewoonte gestand gedoen. Hou asseblief u e-posbus vir die Spesiale Matriekuitgawe wat binnekort verskyn dop. 'n Volledige uiteensetting van die uitslae word hierin gegee. #menlokook

## Laaste groet vir Klas van 2023

12 jaar. 48 kwartale. Dit is hoe lank 'n mens se lewe deur die ritme van skoolklokke gereguleer word. In eksamentye voel dit soms asof die tyd te stadig verbygaan, maar dan staan jy skielik een oggend op om die laaste rapport by die skool af te haal en dit is wanneer jy besef hoe vinnig twaalf jaar eintlik verbygaan.

Dit was 'n voorreg om die Klas van 2023 vir oulaas op Menlo-bodem te verwelkom om hulle laaste rapporte uit te deel. Te oordeel aan die breë glimlagte lyk dit asof dit vir elke leerder 'n blye weersiens was.

#MyplekisMenlo








## Sy is tog 'n Parkie!

Teen hierdie tyd weet almal wat ons weet: Die nr. 1-matrikulant in Gauteng is 'n Menloparker. Dit was 'n voorreg om die hoofdogter van 2023, Sheliza de Wet, vandeesweek op Menlo-bodem vir 'n gelukwensing a la Menlopark terug te verwelkom. Sheliza het haar skoolloopbaan met 'n gemiddeld van 96.14 % afgesluit en so gewys dat 'n betrokke Parkie nie net gelukkig is nie, maar ook slim! #ExcelsaPetamus

## Plig kom voor *Plaisir*

Daar is vanjaar op die tradisie om die gr. 12-Fransleerders so 'n bietjie vroeër terug skool toe te lok, voortgebou. Om dit reg te kry, is allerhande volksvreemde taktiek soos *chasse aux trésors* en *pétanque* deur Madame Mia-Louise Nel ingespan. Die Insig is nie seker wat dit behels nie, maar by nadere ondersoek is daar bevind dat *chasse aux trésors* en *pétanque* darem nie seermaak nie.

Menlo se matrikulante wat Frans neem, sak jaarliks in die blokke voordat die skool begin om solank 'n duik in die letterkundesillabus te maak. Die Insig dra die belange van alle Parkies op die hart en is in die verband verseker dat daar tussen al die verpligtinge genoeg tyd vir *Plaisir* in eg Franse styl was. Daar is selfs verneem dat die woorde: "Ons gaan nou braai" gereeld tydens die akademiese kamp gehoor is. Hierdie hardwerkende Fransleerders stel voorwaar 'n uitstekende voorbeeld aan die res van die skool.







## Ware olimpiërs praat Duits



Ses! Dit is die aantal Parkies wat top-25-posisies in die nasionale Duits-olimpiade behaal het. Hartlik geluk aan die volgende leerders met puik prestasies:

| | | |
|---|---|---|
| Chenay de Jager, 2de | Andries Beyers, 3de | Alexander Pakendorf, 6de |
| Zané Botha, 10de | Megan West, 18de | Alexa Beyers, 24ste |

Toppresteerders in die Duits-olimpiade is in die verlede met 'n maand lange toer na Duitsland bederf. Die aard van die politieke landskap in Europa het egter die afgelope jaar 'n stokkie hiervoor gesteek weens die groot aantal vlugtelinge in Duitse skole. Die skool hou duim vas dat hierdie tradisie sal herleef en dat die Parkie-presteerders tog vir hulle harde werk beloon sal word en binnekort *eine Tasse Kaffee mit Lebkuchen im Schwarzwald* sal kan geniet.



## Parkies leer met leer

Tau Leather Company vervaardig leerprodukte en aangesien leer onlosmaaklik deel van skoolgaan is, het die onderneming besluit om seker te maak dat Menlo se hoofleiers, Viljee Smit en Keira de Jager, voorbereid vir al 2024 se leeruitdagings is.

Baie dankie vir 'n heerlike bederf!

# KOOR

## Do-ré-men-lo-so-la-te-do!

Die jaar op Menlo-bodem het nie net in die klaskamers, op die pawiljoen, op die blou tartan, in die amfi en in die swembad afgeskop nie, maar ook op die koorbanke. Terwyl die meeste Parkies die laaste paar uur van die vakansie ten volle benut het, het die Menlo-koor die jaar op musikale wyse ingewy.

Daar is van vroegdag tot sononder gewerskaf en aan die einde van die kamp was selfs die koor verstom om te hoor wat hulle in drie dae vermag het. Die aanleer van die nuwe repertorium was die hoofdis op die spyskaart, gevolg deur 'n konsert wat deur die nuwe lede aangebied is. Die graad 12-koorkomitee het met hulle grappies en humor vir die kersie op die koorkampkoek gesorg en na dese kan die Menlo-koor met 'n keurige dis wat met al die sintuie speel, vergelyk word. Baie dankie aan die koorlede wat die laaste paar dae van die vakansie vir die koorbanke verruil het, asook aan me. Jeanmari van Papendorp en mnr. Lourens de Jager vir hulle musikale leiding.

2024 se eerste kooroptrede vind op Dinsdag, 6 Februarie by die jaarlikse Kultuur Prestigeaand in die Atterbury Teater plaas. Dagboek solank hierdie belangrike datum om die vrug van die koor se harde werk te geniet.

Volg die **skakel** vir kaartjieverkope.







## #myplekismenlo

By Die Hoërskool Menlopark is die graadagts sommer met die eerste intrapslag welkom en daardie intrapslag was op Dinsdag, 16 Januarie 2024. Getooi in die kleure van die sportspanne is blink oë en opgewonde harte deur die Matriekraad ontvang om hulle nuwe tuiste te leer ken. Dit was nie lank nie of die aggies het vir hulle eerste atletiekbyeenkoms aangetree en vir hulle eerste swemgala ingeduik. Die eerste indrukke van hierdie groep is dat hulle nog diep spore op Menlobodem gaan trap – daarvan is die entoesiasme waarmee hulle die eerste week se gebeure aangepak het 'n klinkklare bewys. Boonop was daar van Vrydag se huissportmoegheid Saterdag geen teken by die graad 8-swemgala nie. Na dekades se swemgala-aksie kon die Insig steeds nie agterkom of dit die aggies of die Matriekraad is wat hierdie dag die meeste geniet nie.

Graadagts. Julle is eersteklas!



# Wêreldklasbaan beleef eerste aksie

So indrukwekkend soos die matriekuitslae van die afgelope ses dekades. So sensasioneel soos 'n TIHO wat luidkeels deur 1 700 Parkies deur die atmosfeer weergalm en so skouspelagtig soos die dirrrrries wat 'n arena soos gladiators binnestorm. Dit is Menlo se splinternuwe tartanbaan.

Indrukwekkend. Sensasioneel. Skouspelagtig. Wêreldklas.

Menlo se splinternuwe blou baan het verlede week die eerste aksie tydens die interhuisatletiekbyeenkoms beleef en die Insig deel graag die volgende trivia oor die tartan:

- 17 Julie 2023: Trompie Sport skop met voorbereidingswerk af.
- 7 Augustus 2023: Hier gaan ons!
- 8 Desember 2023: Die baan is voltooi.



Terloops, die baan van Polytan Rekortan M is gebou om aan die standaarde van Wêreldatletiek (WA) te voldoen en die konstruksie is identies aan die van 'n aantal Diamond League-bane elders in die wêreld. Wie wonder steeds of Menlo waarlik wêreldklas is? Hulle weet nie wat ons weet nie!

Die tartan word amptelik op 2 Februarie 2024 ingewy waarna daar meer oor die vernaamste rolspelers berig sal word.

# ATLETIEK

## Menlo doen niks half nie!

Ons is die S-P-A-N met die T-A-R-T-A-N! By Die Hoërskool Menlopark is atletiek soveel meer as sport; daarom is Menlo se uitstekende atletiekrekord met 'n pragtige, blou tartanbaan vereer. Op Menlo-bodem is atletiek sinoniem met spangees, TIHO wat deur die atmosfeer dreun, ondersteuning, kameraderie en uitsonderlike prestasies.

Daar was Vrydag, by die jaarlikse interhuisbyeenkoms, min tussen die vertoning van die fikse Atheners, Milete, Spartane en Trojane en die fenomenale tartanbaan te kies – die vertoning van beide baan en atleet was eenvoudig skouspelagtig!

Die tartan het nie net die aksie op die baan gehuisves nie, maar dit het ook die perfekte agtergrond vir die gebeure op die pawiljoen gevorm; die aankoms van die dirries was oudergewoonte 'n hoogtepunt en dit was van meet af aan duidelik dat die interhuisbyeenkoms nie 'n saak is wat ligtelik opgeneem word nie.

Hier volg 'n opsomming van die dag se hoogtepunte op die pawiljoen:

| | | |
|---|---|---|
| Geesbeker: | 1. Trojane | 2. Atheners |
| | 3. Spartane | 4. Milete |

Dit is nie net die atlete, ondersteuners en dirigente wat 'n veer in die hoed vir puik deelname verdien nie, maar ook die organiseerders, afrigters en beamptes. Dankie vir 'n uitsonderlike byeenkoms! 'n Volledige uiteensetting van die uitslae en trofeewenners volg in Insig 2.



# SWEM

## Swem! Parkies, swem!

Die jaarlikse sweminterhuis het Maandag en Dinsdag plaasgevind en water was nie al wat tydens hierdie byeenkoms gespat het nie. Altesaam vier rekords het op hierdie kleurryke byeenkoms in die koelste 50 m-swembad in die stad, in die slag gebly. Van watertrap was daar geen sprake nie en die Parkies het elke slag soos voorslagswemmers bemeester.

Die nuwe rekords staan nou agter die volgende name:

| | | |
|---|---|---|
| Clarisé van Niekerk | o. 14 | 100 m-rugslag & -borsslag |
| Joshua Muller | o. 15 | 50 m-borsslag |
| Genna Cloete | o. 19 | 100 m-vryslag |

**Trofeewenners**

Junior Victrix Ludorum: Clarisé van Niekerk (o. 14)
Senior Victrix Ludorum: Genna Cloete (o. 19)

Junior Victor Ludorum: Joshua Muller (o. 15)
Senior Victor Ludorum: Michal du Toit (o. 17)

Dagboek asseblief die volgende swemdatums:

**Ligagalas**

**Donderdag, 1 Februarie:**

A-span by Hatfield Christian School

B-span by Pretoria High School for Girls

C-span by Die Hoërskool Menlopark

**Donderdag, 8 Februarie:**

A- en B-span by Die Hoërskool Menlopark

C-span by Sutherland High School

**Interhoërgalas: Hillcrest**

A-liga (A-span): Dinsdag, 13 Februarie 2024

B-liga (B-span): Woensdag, 14 Februarie 2024

C-liga (C-span): Donderdag, 15 Februarie 2024

Let asseblief op die volgende inligting:

- Ligagalas begin om 14:45 en duur tot ongeveer 16:30.
- Swemmers word gratis per bus na alle Pretoria-galas vervoer en weer na afloop van die galas by die skool terugbesorg.
- Oefentye: Maandae & Donderdae: 14:20 – 15:30.
- Spanlyste: Word elke Maandag op SWEM 2024 se WhatsApp-groep geplaas.
- Kleredrag: Swembroeke kan by me. Breggie Lubbe in E103 bestel word. (TYR is die nuwe verskaffer en die skool sal u so gou as moontlik oor die koste van nuwe swemdrag inlig.)
- Menlo swempet: Beskikbaar by mnr. P. Erasmus in A205 teen R65 (betaalbaar by die finansiële kantoor).



**SA se voorste o. 19-mokerman is van Menlo**

Menlo-blou is vir seker die Insig se gunsteling-kleur, maar ons moet erken dat groen en goud ook baie goed by die Parkies pas. Steve Stolk is tans by die o. 19-Krieketwêreldbekertoernooi in aksie waar hy die boulers gereeld op hulle neuse laat kyk.

Die skool sien daarna uit om Steve vanjaar op Menlo se eie kolfblaaie in aksie te sien!

#menlokrieket#menlotrots



# TENNIS



## Staan opsy, Iga en kie, Menlo is op pad!

Linda Noskova is nie die enigste tiener wat tennis kan speel nie. Karina Pont en Megan Fourie het verlede jaar Gauteng-Noord-kleure verwerf en sodoende hulle plekke in die loting van die interprovinsiale tennistoernooi bespreek. Met flinke voetwerk en akkurate afslane het die talentvolle tennissterre Gauteng-Noord gehelp om die vierde posisie uit sestien spanne te verower.

Hartlik geluk!

# MUURBAL



## Is 2024 gereed vir Menlo-muurbal?

Menlo se muurbalspelers laat nie sommer 'n geleentheid om muurbal te speel deur hulle vingers glip nie. 'n Klompie Parkies het verlede naweek aan die NJSA-graderingstoernooi deelgeneem en die nuwe jaar op 'n hoë noot afgeskop. Hartlik geluk aan die volgende spelers:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| JD Smuts | o. 19A | 1ste | Joseph Myers | o. 16A | 2de |
| Conrad Ehlers | o. 16B | 1ste | Demi Senekal | o. 19A | 3de |



# MENLO-INLIGTING

Die Hoërskool Menlopark — Excelsa Petamus — Sedert 1963

## 1 MENLO-SPORTWINKEL

*(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)*
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

**1ste tot 3e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 – 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

**4e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

## 2 MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

## 3 SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

## 4 BEMARKINGSKANTOOR

## 5 EKSTRA KLASSE

**Wiskunde:** Raadpleeg die skool se webblad vir die rooster.
**Fisiese Wetenskappe:**
Graad 11 & 12
Vraag-en-antwoordsessie by die onderskeie vakonderwysers.
Maandae: 14:05 en 15:00.

## 6 TOETSROOSTERS

Raadpleeg die skool se webblad.

## 7 ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- **Menlo is kontantloos!**

# MARKPLEIN













